**SKRIFLESING:** Matt 20 vers 17-28

**Tema:** Dra jy 'n kruis of 'n kroon?

'n Mens hoor dikwels hoe iemand sê, "as ek net eendag ryk is" of "as ek eendag ʼn belangrike posisie beklee," dan gaan ek dit of dat doen om van die wêreld ʼn beter plek te maak.
Want ʼn mens het posisie en mag nodig as jy ware verandering wil sien. Reg?
Nie volgens Jesus nie.

'n Groot deel van die boodskap wat volg, neem ek uit 'n skrywe van Jaco Strydom. Hy skryf onder andere van die Amerikaanse sosioloog, Tony Campolo, wat die verhaal vertel van ʼn stad in Amerika waar daar ʼn inrigting vir geestelik gestremdes was. ʼn Groepie mense het die visie gehad om van die pasiënte met ʼn goeie prognose te herintegreer in die gemeenskap deur ʼn paar huise te ontwikkel in residensiële woonbuurte.
Die inwoners was woedend. Hulle hou toe ʼn vergadering in die stadsaal. Die plek was stampvol. ʼn Verteenwoordigende raad het voor op die verhoog gesit. Na die voorsitter ʼn klomp besware aangehoor het, het hy voorgestel dat hulle tot stemming oorgaan. Soos jy jou kan indink, was die stem oorweldigend teen die beplande huise.
Hulle was net reg om huis toe te gaan toe daar skielik ʼn roering agter in die saal is. Almal het omgekyk. Hulle kon hulle oë nie glo nie. ʼn Vreemde stilte het oor die plek toegesak.
Moeder Theresa was op ʼn besoek in die stad. Sy was laat en het amper die vergadering gemis. Die mense het haar dadelik herken, díe stokou, klein, geplooide vroutjie wat stadig met haar kromgetrekte rug tussen hulle deurstap. Moeisaam het sy opgeklim teen die trappe van die verhoog en op haar knieë gaan staan voor die raadslede. Sy het met ʼn sagte stem gepleit en gevra of hulle nie asseblief weer sal stem nie.
Die voorsitter het oor die mikrofoon vir die inwoners gesê van moeder Theresa se versoek. Hulle het weer gestem en die keer is daar eenparig besluit dat die ontwikkeling van die huise vir die gestremdes kan voortgaan. In elke koerant was daar glo die volgende oggend ʼn berig oor die vreemde voorval. Niemand kon dit glo nie - maar niemand het gewaag om die nuwe voorstel te beveg nie.

Nadat Campolo die storie vertel het vra hy die vraag: Wat is dit wat aan ʼn klein, kromgetrekte ou vroutjie met ʼn sagte stem soveel outoriteit gee?

Van u sal nog onthou wat nuus was met die aankondiging van die nuwe Pous, Franciskus, in 2013. Dit was baie interessant om te sien wat die sekulêre media daarvan gemaak het. Oor een ding kon CNN, die BBC en selfs Aljazeera, nie uitgepraat raak nie. Oor en oor het joernaliste met oë wat flikker van verwondering vertel dat hierdie pous ʼn nederige man is. Dat hy in ʼn eenvoudige woonstel gewoon het as kardinaal. Dat hy nie met die Limousine gery het nie, maar saam met die ander met die bus. Dat die nuwe pous iemand was wat homself met die armes vereenselwig het en dat hy deur sy lewe dikwels opgestaan het teen sosiale ongeregtigheid.
Ek weet nie of hy so goed is soos almal sê nie, maar die reaksie van die media wys daarop dat die wêreld vreemde outoriteit gee aan ʼn leier wat omgee vir weerloses en ʼn reputasie het van selfopoffering en diens. Mense luister eenvoudig eerder na iemand wat omgee.

Die twee grootste wêreldse magstrukture is politieke en ekonomiese mag.
In kontras hierteenoor staan Bybelse outoriteit wat kom deur selfopoffering en diens.

Die vroeë kerk was ʼn goeie voorbeeld hiervan. Die vroeë kerk het haarself dikwels in tye van totale magteloosheid bevind. Die eerste lidmate was meestal slawe, vroue en kinders, mense met geen mag nie. Die kerk is deur die Romeinse owerheid vervolg. Maar dit was juis vanuit hierdie posisie van solidariteit met die weerloses vanwaar sy met ongekende spoed gegroei het (van ʼn paar duisend tot twintig miljoen in die eerste drie eeue), sonder enige politieke of ekonomiese mag of status.

Die Russiese skrywer Leo Tolstoy het in die laaste derde van sy lewe heelwat geskryf oor die beginsel dat boosheid nie met boosheid oorwin kan word nie; dat ʼn mens mag nie met mag beveg nie, maar juis in die "teenoorgestelde gees" van opoffering en diens.

By baie Afrikaanse kerkmense hoor jy vandag stemme dat hulle magteloos voel. Die nuwe magsisteme in die land het ons marginaliseer. Ons het byna geen politieke mag meer nie. Ons het waarskynlik nog ʼn groot klomp ekonomiese mag, maar ook dit is aan die kwyn. Ons voel uitgesluit, asof ons geen verandering meer kan maak nie.
Hoe dit ook al sy . . . of ons nou mag het of toenemend magteloos voel, wanneer ons vir Jesus volg en ons wil verandering sien, dan dien ons! Dinge kon nog nooit met ekonomiese krag en politieke mag reggedwing word nie.  Dinge moet van onder af reg gedien word.

Dalk is die hele idee van baie Afrikaners dat ons deur God geroep is om "te heers in Afrika", waar ons die groot fout maak. Ons as kerk was selde in die verlede goed met mag.
Ons is op ons beste as ons dien! As volgelinge van Jesus is ons geroep om onsself te gee en te dien!

Jesus self sê: "Julle weet dat dit by die nasies so is dat die regeerders oor hulle baasspeel, en dat die groot manne die mag oor hulle misbruik. Maar by julle moet dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; en elkeen wat onder julle die eerste wil wees, moet julle slaaf wees. So is dit ook met die Seun van die mens: Hy het nie gekom om gedien te word nie maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense." (Matt 20:25-28)

Die evangelie word die beste gekommunikeer vanuit ʼn posisie van weerloosheid. Dit is goeie nuus! Positiewe verandering kom deur selfopoffering en diens. En skielik is die grond gelyk want almal, ryk en arm, magtig en weerloos kan dien. Almal kan gee, van Saggeus die hooftollenaar tot ʼn paar eenvoudige vissermanne.

Die duidelikste voorbeeld van verandering deur selfopoffering en diens, van hierdie vreemde vorm van outoriteit, is natuurlik Jesus self. En een van die beste beskrywings daarvan vind ons in Fil 2:3-8: “[3]Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. [4]Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander.
[5]Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was:
[6]Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie,
[7]maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het,
[8]het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis.”
**Amen**